Datum: 25 Augustus 2024
Prediker: Ds. Johan de Wet
Teks: Openb. 20:4-6
Tema: Duisenjarige vrede.

Kantoor: Angie - 012 253 1991x100
E-pos: kantoor@hartiesng.org
Poortbode: Marianne - 012 253 1991x106
E-pos: komm@hartiesng.org

WEEKPROGRAM

Sondag	25/08	08:30	Voorbidding	Gebedskamer
		09:00	Erediens	Kerkgebou
		09:00	Voete– en Juniorkerk	Jeugsentrum
		17:30	Seniorjeugkerk	Jeugsentrum
Maandag	26/08	18:00	L • I • F • T	Jeugsentrum
Woensdag	28/08	09:00	Senior– en Vrouebybelstudie	Jeugsentrum
Vrydag	30/08	06:00	Mannebiduur	Kerkgebou

BELANGRIKE KENNISGEWING

Kerkraadsvergadering
Maandag
26 Augustus 2024
19:00
Jeugsentrum

BORG ONS 2025 KALENDER

R1200/bladsy

Kontak die kerkkantoor, indien jy graag wil adverteer

Ons kuier saam...

Sondag 25 Augustus
Miemie en Charlotte
Sondag 1 September
Hanlie en Netta

HEILSMUUR

Matt.16:13-20

Petrus: "U is die Christus, die Seun van die lewende God"

1. In Sesarea-Filippi vra Jesus aan sy dissipels. "Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?
2. Hulle antwoord as volg: "Party sê Johannes die Doper, party Jeremia of een van die profete." Jesus vra weer: “Maar julle, wie sê julle, is Ek?” Simon Petrus antwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."
   In vers 17 en 18 antwoord Jesus: “Gelukkig is jy Simon Barjona , want dit is nie ’n mens wat dit aan jou openbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. En Ek sê vir jou, jy is Petrus en op hierdie rots, sal Ek my kerk bou.”
3. Dankie Here, dat U eenvoudige mense (vissermanne) gebruik om rotsvas in geloof te staan om so aan U koninkryk te help bou.
   "Jesus, rots vir ons geslaan, laat ons nie verlore gaan," Amen.

Gebedsversoeke

1. **Hester en Mona** ma’s **van Eugene en Tessa** (sy vrou)
   Beselaar: Eugene vorder elke dag beter maar dis nog ‘n lang pad na totale herstel
2. Oom **Cobus van Lingen en Maré van der Walt**: ons dink steeds aan hulle in ons gebede.
3. **Ronel Coetzee** en familie: hulle kleindogter, Larissa, se operasie is met twee weke uitgestel, want sy het Vrydag positief getoets vir die “rhino”-verkouevirus. Ons bid dat sy in dié twee weke gesond sal word.
4. **Tokkie Botha**: sy gaan 27 Augustus vir ‘n heupvervanging.
5. **Marlene Nel**: sy is die intensiewe sorgeenheid aan ‘n ventilator gekoppel en onder sedasie geplaas.

Stuur versoeke asseblief voor Woensdae 12:00 na Wendy Barnardo 072 159 6777

HARTKLOP KWARTAALBLAD

Enige nuus, inligting, stories en foto’s oor ons gemeente, ‘n getuienis van lidmate en natuurlik van ons verskillende bedieninge is baie welkom. Stuur jou storie/bydrae asseblief so gou as moontlik na Marianne by:**komm@hartiesng.org** of gee dit gerus by die kerkkantoor af.